

Vroue-skut is voorslag met voorlaaier

Die Proteas se voorlaaier-skietspan is weer eens die wêreldkampioene in langafstandskiet en Corena de Beer van Durbanville het talle mans op hul neus laat kyk deur selfs 'n rekord te laat spat.

Die span het pas teruggekom van die agste langafstand-wêreldkampioenskapsbyeenkoms in Bisley, Engeland. Die kompetisie word geskiet met voorlaaiers met buskruit oor afstande van 300 tot 1 000 treë in 'n individuele kompetisie en dan in spanne weer oordieselfde afstande.

Die Proteas het ook nege individuele goue, drie silwer en vier brons medalies verower. Hulle het boonop drie Suid-Afrikaanse en twee wêreldrekords verbeter.

Vroue neem in die kompetisie op gelyke voet met die mans deel. Op die algehele ranglys van meer as 70 skuts uit twaalf lande, het Corena tende geëindig. Sy is ook as die beste vroueskut aangewys.

Sy het 'n individuele goue medalie vir die reprodüksieklass op 300 treë verower en boonop die rekord verbeter met 45,4 uit 50.

Die sport word beoefen met gewere wat 'n .45-kaliber is. Die geweer word tussen skote met die individuele komponente vanaf die voorkant van die loop gelaat – 'n vooraf geweegde hoëveelheid buskruit word in die loop afgesgooi, daarna word dit met 'n veltskyfie wat presies in die loop pas, met 'n laastok

vasgedruk en dan word die loodprojektiel bo-op vasgedruk. Wanneer die skut gereed is in die lêposisie, word die slagdopple opgeplaas en daarna kan die skoot afgevuur word.

Daar word in twee klasse meegeeding – die oorspronklike klas waar wapens terugdateer na voor 1900 en die reprodüksieklass waar presiese replikas of reprodüksies van die oorspronklike wapens wat later gemaak is, gebruik word. Slegs materiaal wat voor 1890 beskikbaar en wel in gebruik was, word toegelaat. Geen moderne toerusting soos teleskope word gebruik nie en skuts skiet met oop/gaaitjiesiere.

Vier van Suid-Afrika se nege skuts kom uit die Wes-Kaap: Corena en Johan de Beer van Durbanville, Ronnie Blake van Melkbosstrand en John Duckitt van Darling.

Die wêreldkampioenskapsbyeenkoms word elke twee jaar aangebied.



Die vier Wes-Kaap-voorlaaierskuts op Kaapstad Internasionale Lughawe voor hul vertrek na Bisley, Engeland – John Duckitt (Darling), Johan de Beer, Corena de Beer (Durbanville) en Ronnie Blake (Melkbosstrand).



Skote word hier in die lêposisie afgevuur. Hier kan 'n mens die kenmerkende rookwolk wat buskruit veroorsaak wanneer 'n skoot afgevuur word, duidelik sien.

FACTORY SHOP
YOUR DISCOUNT STORE

LAMINATES

8.1mm
Class 31
Heavy Domestic/
Commercial
Matching Trims &
8 Colours Available

R49.95m²

TILES

Light Grey
Ceramic
1st Grade
50x50

R49.95m²

MOSAICS

Variety of
Mosaics

FROM
R19.95 per sqm

TILES

Chasa
Ivory
Ceramic
2nd Grade
50x50

R39.95m²

SANWARE

Delta
Basin & Pedestal

R319.95 per set

TILES

Iceberg
Gris
Ceramic
2nd Grade
50x50

R39.95m²

TILING TOOLS

Tal Stix
Tile Adhesive
20kg

R22.95 per can

SPRING FEVER SPECIALS!

Valid until 30th October

A VARIETY OF 1ST GRADE CERAMIC WALL TILES FROM R39.95m²

DIRECT TO THE PUBLIC 41 Paarden Eiland Rd, Paarden Eiland • Tel: 021 510 8307 / 8308 / 8309
Trading Hours: Monday to Friday 8am - 5pm • Saturday: 8am-1pm • Sunday: 9am-1pm

While stocks last. E&OE